Die Realiteit van
Bybelse Profesieë
Heilige Jesus se komende Vrederyk
vgs Opb 20 v 6

„En ons het die profetiese Woord wat baie vas is waarop julle tog moet ag gee soos op ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, todat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte!”

2 Petr 1 v 19



En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak! Joh 8 v 32
As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees! Joh 8 v 36

Vraag

Wat is hierdie Bybelse komende vrederyk?

Dit lei die heerlikste tyd van ‘n 1000 jaar van totale vrede in op aarde en onder die leiding en heerskappy van Heilige Jesus

vgs Sag 14 v 9, Matt 6 v 10, Luk 2 v 14 en Opb 11 v 15

Waar en wanneer gaan Heilige Jesus se vrederyk van ‘n 1000 jaar plaasvind?

Volgens Psa 2 v 6 – 8;
Jes 9 v 5 – 6;Jes 11 v 1 – 10;
Sag 8 v 2 – 8, Opb 5 v 10 en
Opb 20 v 6 gaan dit op die huidige aarde plaasvind.

Vraag

Gaan dit werklik gebeur?

Ja! 1000 x Ja! Dis ‘n Bybelse profesie, en alle profesieë sal vgs Jes 46 v 9 – 10 in vervulling gaan.

Vraag

Waarom moet daar ‘n vrederyk van ‘n 1000 jaar kom?

Volgens Hebr 4 v 4 en v 9 - 11 moet daar vir Heilige God se volk ‘n Sabbatsrus kom, waartydens alles en almal moet rus soos wat Hy op die sewende dag gerus het.

Vraag

Wie gaan almal in Heilige Jesus se vrederyk op aarde woon?

Almal wat na die groot verdrukking van 7 jaar aan Heilige Jesus se regterhand gegroepeer gaan word vgs Matt 25 v 32 - 34



Vraag

Wat gebeur in Heilige Jesus se vrederyk?

Volgens Jes 11 v 1 – 10 en Jes 65 v 25 keer die mensdom , die plante en diereryk, terug in totale vrede en harmonie, soos wat dit was 6000 jaar gelede in die tuin van Eden met Adam en Eva.



Vraag

Hoe oud gaan die mense dan weer word?

Volgens Jes 65 v 20 – 25 baie, baie oud; grysaards gaan hul dae voluit lewe en op 100 jaar sal ‘n seun nog gereken word as ‘n seun

Vraag

Waar gaan Heilige Jesus wees en woon gedurende Sy vrederyk van 1000 jaar?



Hy gaan vgs Psa 2 v 6, Esg 43 v 4 – 7, Sag 8 v 3 en Sag 14 v 16 binne in Jerusalem woon.



Vraag

Wie gaan dan die evangelie oor die wêreld verkondig?

Volgens Jes 2 v 1 – 4, Jes 27 v 6, Miga 4 v 1 – 4, Sag 8 v 22 – 23 en Matt 24 v 14 gaan die Jode dit vanaf en vanuit Jerusalem wêreldwyd verkondig.



Vraag

Hoeveel mense gaan daar wees op die aarde gedurende Heilige Jesus se vrederyk?

Volgens Jes 65 v 20 – 25, Eseg 36 v 10 – 12 en Eseg 36 v 37 – 38 gaan daar biljoene mense wees, almal gaan massief aanwas en baie oud word.

Vraag

Wie gaan oor hierdie biljoene mense heers en regeer?

Volgens Psa 2 v 6 – 12, Jes 53 v 10 – 12, Sag 14 v 9 en Opb 19 v 16 gaan Heilige Jesus oor alles en almal heers en regeer as die Koning van die konings en die Here van die here.

Vraag

Wat gaan van al die woestyne word?

Volgens Jes 2 v 4, Jes 35 v 6, Jes 51 v 3 en Sag 8 v 12 gaan al die woestyne verander word soos die tuin van Eden en ‘n dore land Israel soos die land van melk en heuning.

Vraag

Gaan daar nog steeds oorloë wees in hierdie tyd?

Nee, 1000 x nee, volgens Jes 2 v 4 en Miga 4 v 3 gaan daar nêrens in die wêreld oorloë wees nie.



Hoekom en waarom gaan mense weer so oud word soos in Adam en Eva se tyd?

Alle mense gaan vegetariers word en gesond eet vgs Gen 1 v 29 – 30 en sou iemand siek word dan eet hy of sy van die blare en vrugte wat by Heilige Jesus se tempel in Jerusalem gaan groei vgs Esg 47 v 12 en word dan gesond!

Vraag

Wat gaan Heilige Jesus se orde van regering wees in Sy vrederyk?

Volgens Esg 43 v 4 – 7, Sag 14 v 9 en Opb 19 v 16 gaan Hy vanaf Israel vanuit die 4de Tempel heers en regeer as die Koning van die konings. Volgens Luk 19 v 15 – 19 en Opb 20 v 4 – 6 gaan die 5 wyse maagde en die martelare onder Heilige Jesus wêreldwyd heers as konings!

Vraag

Hoekom en waarom gaan alle aardbewoners in die tyd Heilige Jesus in Jerusalem aanbid?

**Volgens Sag 8 v 3,
Sag 8 v 20 – 23 en
Sag 14 v 16 – 21 sal almal op die aarde jaar na jaar optrek na Jerusalem toe om Heilige Jesus te aanbid en om die loofhuttefees te vier.**

Vraag

Gaan mense gedurende Sy vrederyk nog sonde doen?

Nee! Volgens Jes 11 v 9 sal en gaan niemand in hierdie tyd kwaad of sonde doen nie.

Vraag

Gaan daar steeds in die vrederyk karniforiese (vleisetende) diere of visse en voëls wees?

Nee! Alle eetgewoontes van die mense en die diere keer terug na die eetgewoontes vgs Gen 1 v 29 – 30, Jes 11 v 6 – 7 en Jes 65 v 25.



Vraag

Gaan mense steeds diere slag?

Ja, maar slegs om hulle aan Heilige God te offer vgs Esg 43 v 18 - 27

Vraag

Wat gebeur met satan gedurende Heilige Jesus se vrederyk van ‘n 1000 jaar?

Volgens Opb 20 v 1 – 3 word hy gebind, toegesluit en verseël om niemand opaarde te verlei nie.

Vraag

Wat gaan gebeur aan die einde van die vrederyk?

Volgens Opb 20 v 7 – 10 word die satan vir ‘n kort tydjie ontbind en verlei hy al die nasies om in rebellie teen Heilige God, teen Israel en teen Jerusalem op te trek.

Vraag

Wat gebeur hierna met die aarde?

Volgens 2 Petr 3 v 7 – 10 en Opb 20 v 9 stuur Heilige God vuur uit die Hemel wat alles op die aarde verbrand.

Vraag

Wat gebeur met Heilige Jesus, Sy Bruid en alle regverdiges voordat alles op die aarde verbrand word?

Volgens 2 Petr 3 v 11 – 14 en Opb 21 v 1 – 27 keer almal terug Hemel toe – die regverdiges vir die nuwe aarde – die Bruid vir die Nuwe Jerusalem.

So alles oortreffend heerlik! Beywer jou maksimaal hiervoor, om deel van die vrou van die Lam te wees, wat alleen waardig gaan wees om in die Nuwe Jerusalem te woon
vgs Opb 21 v 9.

Die regverdiges wat gered word gaan woon op die nuwe aarde
vgs Opb 21 v 24 - 25

EK WIL BY JOU PLEIT, MAAK SEKER DAT JY OP EINDIG IN DIE KONINKRYK EN EWIGE HEERLIKHEID VAN HEILIGE GOD!
DIE EINDE
INDIEN JY DIE VERKEERDE BESLUIT NEEM GAAN JY OP EINDIG IN DIE POEL VAN VUUR!
Halleluja
SOLI DEO GLORIA

Mag hierdie kosbare Bybelse skrif gefundeerde inligting mening christen aanraak en versterk, en strek tot eer en verheerliking van Sy Grote en Heilige Naam!!! Aan Heilige God al die lof en al die eer!!! AMEN!!!

BELANGRIKE KENNISGEWING!

Alle Bybelse skrifverwysings in al hierdie grafiese inligtingstukke is geneem uit die 1933/53 onveranderde Bybel vertaling! Sou enigeen dit anders lees, verander, vertaal, verkondig, weglaat of byvoeg moet hy of sy dringend let op die volgende Bybelse waarskuwing!!!

KRITIEKE WAARSKUWING!

As iemand by hierdie dinge byvoeg dan sal Heilige God oor hom of haar Sy plae byvoeg..... As iemand iets hiervan wegneem, dan sal Heilige God sy of haar naam wegneem uit die Boek van die lewe....! Openbaring 22 v 18 - 19